# DIE FONTEIN

OUD GEREFORMEERDE KERK ~ AUGUSTUS 2025



**Openbaring 21:6**

**"En Hy het vir my gesê: Dit is verby! Ek is die Alfa en die Oméga, die begin en die einde. Aan die dorstige sal Ek gee uit die fontein van die water van die lewe, verniet."**

# MAANDAG KATKISASIE.

(Bernardus Smytegelt.)

## Die Saligmakende kennis van God.

---

**Vraag:** Veronderstel dat ’n mens alles ken, is dit dan vir hom genoeg?

**Antwoord:** Nee, dan sal so ’n mens dink dat hy wat homself betref by sy sogenaamde kennis reeds die inwendige lig ontvang het om God tot sy Saligheid te ken. Eerstens verkeer die begenadigde in volkome afhanklikheid en daarom sal hulle ook voortdurend voor die Genadetroon pleit: “Ag HERE, laat my U inwendig ken soos wat U ook beloof het deurdat U, U Gees sal uitstort sodat U seuns en dogters sal profeteer en dat al U kinders deur U geleer sal word.” Tweedens, die uitwendige kennis is nie genoeg tot Saligheid nie. Derdens sal so ’n persoon sê: “HERE, sal U my Genade betoon sodat ek U in Gees en Waarheid sal ken, sodat U Woord kragtig in my gemoed sal voortleef.” Dit is tog waarvoor Dawid ook gebid het: “Laat my siel versadig word met die wete dat U goed is.” Elke siel wat in die binnekamer geleer word en in Sy wingerd gelei word, proe en smaak deur ondervinding die kennis tot Saligheid, sodat hulle sal sê: “Ag, wie is ’n Leermeester soos U, want U onderwysing voer heerskappy oor my lewe.” Dit bevestig juis dat ons moet afsien van ons sogenaamde wysheid, die wysheid wat in ’n dwaas woonagtig is, want dit bedink die dinge van die vlees wat vyandig teenoor God is.

**Vraag:** Waaraan kan ’n mens weet, dat die ware kennis Saligmakend is?

**Antwoord:** Eerstens die letter-kennis bemin alleen die menslike wysheid, maar die Geestelike kennis bewerk die liefde tot die waarheid; volgens die getuienis in Ps. 119: “Hoe lief het ek U wet.” Tweedens, die Geestelike kennis is Saligmakend, dit bewerk nederigheid in die hart. Die letter-kennis is maar net in die hoof en maak die mens opgeblase en hoogmoedig, die Geestelike kennis laat die mens God in Sy grootheid ken, sodat die mens homself in sy nietigheid en kleinheid sal ken. Derdens, daar waar die Saligmakende kennis is, daar is beskeidenheid van hart, daar is ook nie twisgierigheid deur beter-weterigheid nie, sodat diegene

wat minder weet nie verag sal word nie. Vierdens, so ’n begenadigde sal altyd toeneem in die ware kennis, hulle sal voortdurend leer en toeneem in kennis tot die dag van hul dood. Vyfdens, die Geestelike kennis laat ’n persoon ag gee op sy doene en late, of dit wel ooreenkomstig die Woord van die HERE is. En sou hulle afdwaal sal dit vir hulle tot erge skaamte wees. Sesdens, letter-kennis is vyandig teenoor alles wat die innerlike versterk, die Geestelike-kennis sal nimmer nooit verdra word nie. Hulle mis die gawes in die Genadeverbond. Wanneer die letter-kennis na ’n begenadigde verwys, iemand wat die Geestelike kennis deelagtig geword het, sal hulle hierdie begenadigdes by name soos onnoseles en skynheiliges aanroep.

**Vraag:** Is dit nie groot Genade vir ’n mens wanneer God vir hom die wysheid skenk nie?

**Antwoord:** Ja, dit is ’n sieraad vir so ’n begenadigde. In Jeremia staan geskrywe: “Die wyse beroem hom nie in sy wysheid nie; maar hierin, dat hy My ken.” Dit is vir so ’n begenadigde nie alleen ’n sieraad nie, maar dit is ook vir hom die allerkosbaarste gawe dat hy die wonderdade van God kan aanskou. Die Geestelike kennis is ’n boom van die lewe. Die middele en die weë om tot hierdie kennis te mag kom, is Eerstens die boek van die natuur. Tweedens die gewete. Derdens die Skriftuur wat ook aan ons gegee is, sodat ons, onsself kan ondersoek en sodoende tot die ware kennis van ons ellende mag kom.

(Vervolg.)

---



# DIE INSTITUSIE.

(Johannes Calvyn.)

## ONDERWYSING IN DIE CHRISTELIKE GODSDIENS

---

### Hoofstuk 6.

### OM TOT GOD DIE SKEPPER TE KOM HET ALMAL DIE SKRIF AS GIDS EN LEERMEESTER NODIG.

1. **God het sy Woord as hulpmiddel aan die mens gegee om Hom te leer ken.**

Die glans wat in die hemel en op die aarde almal se oë tref, beroof die mens deur sy ondankbaarheid heeltemal van alle verontskuldigings. Soos God sy Goddelike mag, soos dit in sy skepsels afgebeeld is, sonder uitsondering aan alle mense voorhou om die hele mensdom in dieselfde skuld te verstrengel, moet daar tog 'n ander beter hulpmiddel bykom om ons behoorlik na die Skepper van die wêreld op koers te bring.

Daarom het Hy nie sonder rede nie die lig van sy Woord daar bygevoeg sodat Hy daardeur tot ons heil aan ons bekend kan word. Hy het die mense wat Hy nader en inniger by Hom wou versamel, hierdie voorreg waardig geag. Omdat Hy gesien het dat die gemoedere van alle mense deur hulle onbestendige en onstandvastige drif rond gesleur word, het Hy, nadat Hy die Jode as besondere volk uitverkies het, hulle met bepaalde

perke omring om te verhoed dat hulle soos ander mense sou vergaan. Met dieselfde middel hou Hy ons nie doelloos aan die suiwer kennis van Homself vas nie, omdat selfs die wat skynbaar bo ander standvastig bly, ook andersins weldra sou vergaan. Hoewel bejaardes of half-blindes of stiksienige mense byvoorbeeld sou agterkom dat daar iets geskrywe staan as ’n mens die pragtigste boek aan hulle sou voorsit, sal hulle tog beswaarlik twee woorde aan mekaar kon verbind. Maar as jy aan hulle ’n bril as bystand gee, sal hulle duidelik begin lees. Net so versamel die Skrif die kennis van God wat andersins verward in ons verstand lê, verdryf die duisternis en toon duidelik die ware God aan ons.

Dit is dus ’n sonderlinge gawe wanneer God nie slegs van stom leermeesters gebruik maak om sy kerk te leer nie, maar ook sy heilige mondstuk daarvoor aanwend. Dit verkondig nie alleen dat ons ’n God moet dien nie, maar dit verklaar terselfdertyd ook dat Hy die God is wat ons moet dien. Dit leer die uitverkorenes nie alleen om na God op te sien nie, maar dit openbaar ook aan hulle na wie hulle moet opsien.

Van die begin af het Hy dit as verordening vir sy kerk gehou om benewens die gewone tekens ook sy Woord te gebruik, omdat dit ’n juister en sekerder teken is om Hom te leer ken. Daar bestaan geen twyfel daaroor nie dat Adam, Noag, Abraham en die ander vaders met hierdie hulpmiddel tot ’n innige kennis van God deurgedring het en dat dit hulle op sekere wyse van ongelowiges onderskei het. En nou praat ek nog nie van die besondere geloofsleer waardeur hulle tot die hoop op ’n ewige lewe verlig is nie. Want om van die dood na die lewe oor te gaan moes hulle God nie alleen as Skepper leer ken nie, maar ook as Verlosser. So het hulle inderdaad kennis van albei uit die Woord verkry.

Want die soort kennis waarin dit hulle gegun is om te begryp wie die God is deur wie die wêreld geskep is en bestier word, het daarin ordelik eerste gekom. Daarop is daar ’n tweede inniger soort kennis hieraan verbind, wat alleen dooie siele lewend maak en waardeur God nie soseer as Skepper van die wêreld en as Grondvester en Regter van alles wat ontstaan, erken word nie, maar ook as Verlosser in die Persoon van die Middelaar.

Maar omdat ons nog nie die val van die wêreld en die bedorwenheid van die natuur bereik het nie, sien ek ook daarvan af om die teenmiddel te behandel.

My lesers moet dus daaraan gedagtig wees dat ek nog nie die verbond waarvolgens God die kinders van Abraham vir Homself aangeneem het, en ook nie die deel van die leer waarvolgens die gelowiges in besonder van onheilige heidene geskei is, bespreek nie, omdat hierdie deel van die leer in Christus gevestig is. Ek verduidelik slegs hoe ons uit die Skrif moet leer dat die God wat die Skepper van die wêreld is, met bepaalde tekens van die skare valse gode onderskei word. Te gelegener tyd sal die volgorde ons by die verlossing bring.

Hoewel ons baie getuienis uit die Nuwe Testament sal put en sommige daarvan ook uit die wet en die profete, waar Christus uitdruklik vermeld word, het alles dit ten doel om aan te dui dat God as Skepper van die wêreld in die Skrif aan ons geopenbaar word en om te verduidelik wat ons in verband met Hom moet gevoel sodat ons nie met ompaadjies na ’n onsekere goddelike mag moet soek nie.

## 2. Om ware kennis van God te verkry moet ons almal leerlinge van die Skrif word.

God het egter deur godsprake en gesigte aan die aartsvaders bekend geword, of Hy het Hom deur bemiddeling en diens van mense voorgestel en dit het hulle daarop van mond tot mond aan hulle nageslag oorgelewer. Tog is dit ongetwyfeld so dat ’n vaste sekerheid van die leer in hulle harte ingegrif is, sodat hulle daarvan oortuig was en ook begryp het dat dit wat hulle geleer het, van God afkomstig was, want deur sy Woord het God hulle geloof onbetwyfelbaar gemaak, sodat dit bo alle menslike opvatting verhewe was. Met die oog daarop dat die waarheid van sy leer met volgehoue vordering deur al die eeue heen op die wêreld sou bly voortbestaan, was dit eindelik God se wil dat die godsprake wat Hy aan die aartsvaders voorgehou het, soos in openbare dokumente beseël moes word.

Volgens sy raadsplan is die wet afgekondig en profete later as uitleggers daarvan gegee. Die gebruike van die wet was menigvuldig soos ons op die regte plek daarvoor beter sal sien en dit is veral aan Moses en al die profete opgedra om die wyse van versoening tussen God en die mens te leer. Daarom noem Paulus Christus die einde van die wet.

Tog herhaal ek weereens dat die Skrif behalwe die besondere leer wat op die geloof en berou betrekking het en Christus as Middelaar voorstel, die enige en ware God van die Skrifte met bepaalde tekens en kenmerke

aanwys in soverre as wat Hy die wêreld geskep het en dit nog bestier, om te verhoed dat Hy met die valse menigte gode verwar sou word. Hoewel die mens dus sy oë in alle erns moet inspan om die werke van God te aanskou aangesien hy in hierdie skitterende skouburg as toeskouer gestel is, moet hy tog veral sy ore vir die woord spits om nog meer voordeel daaruit te haal.

Dit is daarom geen wonder dat die mense wat in die duisternis gebore is, al meer in hulle onverstandigheid verhard nie. Want 'n baie klein handjievol van ons mense betoon hulle bevatlik vir die Woord van God om hulle binne die perke daarvan te hou, hulle is eerder uitgelate van vreugde in hulle eie ydelheid.

Ons beskouing daaroor moet egter so wees dat ons met die hemelse leer moet begin, sodat die ware godsdiens sy lig oor ons kan laat skyn en dat niemand selfs die geringste smaak van die egte en gesonde leer kan kry as hy nie 'n leerling van die Skrif was nie.

Hieruit spruit ook die beginsel van die ware kennis voort wanneer ons dit wat God daarin van Homself wil getuig, eerbiedig aanvaar. Want uit die gehoorsaamheid daaraan word nie alleen volmaakte of volkome geloof nie, maar ook alle opregte kennis van God gebore. En God het gewis in alle tye met sonderlinge voorsienigheid in hierdie opsig vir sterflinge gesorg.

### 3. Die dwaling van die mens kan nooit uitgeroei word voordat hy ware kennis oor God uit die Woord verkry het nie

As ons nadink hoe glibberig die mens se verstand is en hoe maklik dit daarin verval om God te vergeet, hoe groot sy geneigdheid tot allerlei dwalinge is en hoe groot sy begeerte is om by herhaling nuwe valse godsdienste te versin, kan ons duidelik sien hoe noodsaaklik so 'n teboekstelling van die hemelse leer was. Die doel daarvan was dat dit nie deur die vermetelheid van die mens bederf sou word nie. Aangesien dit gevolglik duidelik is dat God die onderskraging van sy Woord onder al die mense wat Hy ooit met vrug wou leer, aangewend het omdat Hy voorsien het dat sy beeld, wat op die pragtige voorkoms van die wêreld afgestempel is, nie doeltreffend genoeg sou wees nie, betaam dit ons om hier die regte weg in te slaan as ons ernstig na 'n egte oorweging van God strewe.

Ek herhaal: ons moet tot die Woord kom waar God reg en lewendig na aanleiding van sy werke beskrywe word, terwyl sy werke juis nie na

aanleiding van die mismaaktheid van ons eie oordeel nie, maar na die maatstaf van ewige waarheid gewaardeer moet word. As ons van die Woord afwyk, sal dit ons nooit geluk om, soos ek so pas gesê het, die eindpunt te bereik nie, met hoeveel voortvarende snelheid ons ons ook al daarvoor inspan, omdat ons dan buite die regte weg koers sal vat. Want ons moet soos volg daaroor dink: Die glans van die aangesig van God, wat die apostel ook ontoeganklik noem, is vir ons soos 'n doolhof sonder uitkoms tensy ons deur die rigsnoer van die Woord daartoe gelei word. Dit sou gevolglik beter wees om al hinkende op hierdie pad te gaan as om weg van die pad af baie vinnig voort te snel.

Wanneer Dawid ons baie dikwels leer dat die bygelowe uit die wêreld weggeneem moet word sodat die suiwer godsdiens tot volle wasdom kan kom, vermeld hy ook dat God regeer. Met die woord regeer bedoel hy nie die mag waarmee God toegerus is en wat Hy in sy volle regering van die natuur beoefen nie, maar die leer waarvolgens Hy vir Homself regmatige heerskappy opeis. Want dwaling kan nooit uit die mens se hart weggeskeur word voordat die ware kennis van God nie daarop ingeplant is nie.

**4. Ten spyte daarvan dat die skepping die heerlikheid van God verkondig, moet die mens, vanweë die swakheid van sy verstand, deur die Woord geleer word om dit raak te sien.**

Daarom vermeld dieselfde profeet dat die hemel die heerlikheid van God vertel, dat die uitspansel die werke van sy hande verkondig en vat Sy Majesteit deur die gereelde opvolging van die Woord terug en sê: *"Die hemele vertel die eer van God, en die uitspansel verkondig die werk van sy hande. Die een dag stort vir die ander 'n boodskap uit, en die een nag kondig vir die ander kennis aan: daar is geen spraak en daar is geen woorde nie—onhoorbaar is hulle stem. Hulle meetsnoer gaan uit oor die hele aarde, en hulle woorde tot by die einde van die wêreld. Vir die son het Hy daarin 'n tent gemaak; en dié is soos 'n bruidegom wat uitgaan uit sy slaapkamer; hy is bly soos 'n held om die pad te loop. Sy uitgang is van die einde van die hemel af, en sy omloop tot by die eindes daarvan, en niks is verborge vir sy hitte nie. Die wet van die HERE is volmaak: dit verkwik die siel; die getuienis van die HERE is gewis: dit gee wysheid aan die eenvoudige. Die bevele van die HERE is reg: hulle verbly die hart; die gebod van die HERE is suiwer: dit verlig die oë."*

Want al sou hy ook ander gebruike van die wet ken, bedoel hy tog in besonder dat hierdie wet 'n sonderlinge skool van die kinders van God is,


aangesien Hy al die volke deur die aanskoue van die hemel en die aarde tevergeefs na Hom toe nooi. Psalm 29 het dieselfde strekking. Daar preek die profeet oor die verskriklike stem van God wat in donderweer, wind, reën, orkane en storms die aarde skud, berge laat bewe en sederbome knak. Aan die einde voeg hy uiteindelik by dat sy lof in sy heiligdom gesing word omdat al die ongelowiges doof is vir die stemme van God wat in die lug weergalm.

Hy sluit ’n ander Psalm, waar hy die verskriklike see-vloed beskrywe, soos volg af: “U getuienis is bewaarheid en u heiligheid ’n sieraad vir u tempel tot in lengte van dae”. Hieruit vloei ook voort wat Christus aan die Samaritaanse vrou gesê het, naamlik dat haar volk en al die ander volkere aanbid wat hulle nie weet nie, maar dat die Jood alleen God waarlik dien.

Want aangesien die mens se verstand vanweë sy swakheid God op geen manier kan bereik behalwe as hy daarin deur sy heilige Woord onderskraag en verlig is nie, moes al die mense tog in daardie tyd, met uitsondering van die Jode, in ydelheid en dwaling verkeer het omdat hulle God sonder sy Woord gesoek het.

(Vervolg.)

---



**’n Instrument in die Hand van die HERE te Wittenberg.**

## HOOFSTUK 7

Hier staan ek; ek kan nie anders nie.

Vol moed het Luther na Worms gekom. Enkele dae voor sy dood het hy nog gesê: ”Ek was toe onverskrokke en het niks gevrees nie, alleen God kan ’n mens so maak. Ek sou nie vandag die moed daartoe hê nie.”

Die dag na sy aankoms in Worms het Luther reeds om agtuur in sy tuisplek berig ontvang dat hy nog dieselfde middag om vieruur gehaal sou word om voor die Ryksdag te verskyn. Inderdaad het die Ryksmaarskalk von Poppenheim, vergesel van Casper Strum, op die bepaalde tyd verskyn en Luther het saam die straat opgegaan. ’n Ongelooflike drukte het in die stad geheers. By die biskoplike paleis, waar die Ryksdag vergader het, het dit swart van mense gestaan. Waar daar maar ’n plekkie oop was, tot selfs op die dakke van die huise, was toeskouers te sien en dit het onmoontlik geblyk om deur die digte menigte heen te kom. Alleen langs ’n omweg, deur allerhande straatjies en tuine, het dit hulle eindelik geluk om die vergadersaal te bereik. Voor die gebou het omtrent 5000 mense saamgedrom, almal begerig om die beroemde monnik te sien, sodat die wagters met geweld ’n pad moes baan.

Toe Luther op die punt was om binne te tree, het ’n dapper ridder, die beroemde George von Frundsberg, hom op die skouer geklop en gesê:

“Monnikie, monnikie, jy loop nou ’n moeiliker pad, as wat ek en menige krygsowerste, self in die heetste geveg, moes gewaag het. Maar as jy die reg aan jou kant het en seker van jou saak is, gaan dan in Godsnaam voorwaarts en hou goeie moed. God sal jou nie verlaat nie!”

Dit was bemoedigende woorde, maar tog het Luther beangs gevoel, toe hy uit die rumoerige drukte van die menigte skielik in die stilte van die vergadersaal aanland. Stadig het hy na vore gestap totdat hy op die vloerkleed teenoor die troon van die Keiser gestaan het.

Menigeen het duidelik bemerk, dat Luther ontsteld was deur die magtige indruk van die oomblik. Sy hart het van ontroering hewig begin klop, toe die oë van so baie vorste en here, ja van al die grotes van die Ryk, deurdringend op hom gerig was. Almal was hom egter nie vyandiggesind nie. Een van die vorste wat sy verleentheid gesien het, kom toe nader en fluister in sy oor: “Moenie bang wees vir hulle wat die liggaam kan doodmaak en daarna niks meer kan doen nie;” en ’n ander het ook saggies gesê: “Wanneer julle voor stadhouers en konings gestel word om my Naam ontwil, dan sal die Gees van jul Vader in julle spreek.”

Die woorde het Luther se moed laat opflikker en so het hy sy kalmte enigsins weer teruggekry. Voor hom het hy die jonge Karel V gesien, van wie met reg gesê is, dat in sy ontsaglike ryk die son nooit ondergegaan het nie. Naas die Keiser het sy broer, Aartshertog Ferdinand gesit, terwyl ses keurvorste, vier-en-twintig hertoë, agt markgrawe, dertig aartsbiskoppe en abte en nog ’n groot aantal ander hoëlui, altesame meer as tweehonderd persone, al wat groot en geëerd was in Duitsland verteenwoordig het.

Voor die oop deur en by die vensters het nog ontelbaar baie mense gestaan, wat maar bloedweinig kon hoor, maar tog alte bly was om ten minste vir Luther te sien.

“Sê niks voor jou nie iets gevra word nie,” het Von Poppenheim hom gewaarsku.

Daarna het die Kanselier van sy stoel af opgestaan en eers in Latyn en toe in Duits gespreek en gesê: “Maarten Luther, in naam van Sy Majesteit vra ek u:

“of u die boeke wat hier lê as u geskrifte erken? “En of u bereid is om hulle in hul geheel of gedeeltelik te herroep?”

Na die titels van die boeke voorgelees is, het Luther erken dat hy hulle geskrywe het. Wat die tweede vraag betref, het hy egter verlang om tyd te kry om na te dink voor hy sy antwoord sou gee, omdat hulle die geloof, die saligheid van die mens en die Woord van God geraak het.

Luther het op sagte en eerbiedige toon gespreek. Die Keiser en sommige ander wat teenwoordig was, het gevolglik gedink dat hy bang was. “Nee,” sê Karel toe, terwyl hy ’n veragtelike blik op Luther gewerp het, “hierdie monnik sal nooit van my ’n ketter maak nie. Ek kan nie begryp, hoe so ’n persoon soos hy soveel boeke kon geskrywe het nie!”

Luther se versoek is egter toegestaan; hy het ’n dag uitstel gekry, maar op voorwaarde dat hy sy antwoord dan mondeliks en nie skriftelik sou gee nie. Daarna is ’n wenk aan die keiserlike boodskapper gegee om die gedagvaarde na sy verblyfplek terug te bring.

Op straat het daar groot rumoerigheid geheers. Deur sommige is Luther toegejuig en deur ander uitgejou, sodat hy dankbaar was toe hy eindelik in sy tuisplek terug was. In sy hart het hy vir g’n enkele oomblik getwyfel nie, sodat hy aan iemand geskrywe het: “Môre moet ek my verantwoord, maar ek sal, met die hulp van Jesus Christus, g’n enkele letter van al my werke herroep nie.”

Hoewel Luther dus in sy besluit nie gewankel het nie, moes hy tog nog bange ure deurworstel.

Die volgende môre het hy afgemat en droefgeestig gevoel. Hy het geweet hoe baie vyande hy gehad het en die vriendelike aangesig van die Here was vir hom bedek. Hy word toe deur groot benoudheid aangegryp, met die gevolg dat hy hom op sy knieë voor God neergewerp het in sy nood.

In ’n vurige gebed het hy die Koning van alle Konings aangeroep om hulp.

“O, almagtige en ewige God,” het dit uit sy mond geklink: “hoe hulle hul monde oopmaak om my in te sluk en my vertroue op U is so klein! Die vlees is so swak en die Satan so magtig! O, U, my God; help my teen al die wysheid van die wêreld! Doen dit! U moet dit doen..... U alleen, want dit is nie my werk nie, maar u werk. O, my God hoor U nie? Is U dan dood? Nee, U kan nie sterwe nie. Here waarom vertoef U dan? Ek is gereed om my lewe as ’n offer te bring vir u waarheid. Ek sal nooit van U skei nie. Al word my liggaam doodgemaak, in stukke gekap, tot as verbrand, my siel behoort aan U. Staan dan aan my sy terwille van u geliefde Seun Jesus Christus, wat my skild is, my sterke bergvesting. Amen. O God, help my, Amen!”

Onder die gebed het angs en vrees die wyk geneem. Hy neem toe die Bybel, lê sy linkerhand op die oop-geslane Evangelie, hef sy regterhand omhoog en sweer toe, dat hy die waarheid nooit sal verloën nie, al moes dit hom ook sy lewe kos.

Die bange sielstryd was gestry. Toe die Ryksmaarskalk om vieruur terugkom het Luther met 'n getrooste en blye hart saamgegaan. Hy het geweet dat niks hom kon skei van die liefde van God, wat daar in die Here Jesus Christus is nie!

Weer het Luther deur 'n digte volksmenigte by die vergadersaal aangekom, maar moes tussen 'n luidrugtige skare drie uur lank wag, voordat hy binnegelaat is.

Hy mog eindelik om sewe-uur, toe die ligte in die saal reeds aangesteek was, binnekom. Gelukkig was hy nou nie meer beskroomd nie. Terwyl hy hom voor die Keiser stel, het hy rustig die saal deurgekyk, wat nog digter as die vorige dag beset was.

Die Kanselier het die vraag van die vorige dag herhaal, waarop Luther onder ademlose stilte 'n pragtige en kragtige rede gehou het, sowel in die Duitse en in die Latynse taal. Geen wonder dat hy, na soveel inspanning, nat van die sweet was nie. Hy het egter met groot opgewektheid gepraat en verklaar dat hy alleen dan bereid was om te herroep, as hulle hom uit die Bybel kon bewys, dat hy gedwaal het. Die Kanselier wou egter daaroor nie redetwis nie, omdat soos hy gesê het, die Kerk reeds op vroeëre kerkvergaderings oor hierdie dinge besluit het. Daaraan moes almal hulle onderwerp en gevolglik het hy van Luther 'n kort en bondige antwoord geëis.

Nou het die gewigtige oomblik genader. Na hy herhaalde male tot 'n beslissing gedwing was, het Luther op vaste toon gesê: "Ek kan en mag nie herroep nie, omdat dit nie veilig en raadsaam is om iets teen die gewete te doen nie. Hier staan ek, ek kan nie anders nie; mag God my help. Amen."

Hierdie kragtige taal het 'n geweldige indruk gemaak. Baie van die vorste het met moeite hul opgetoënheid bedwing. Selfs Keiser Karel kon nie help om te sê nie: "Hierdie monnik spreek onverskrokke en met onwankelbare moed!"

Net die Italiane en Spanjaarde was verleë met die saak en het in hul hart oorlê dat die monnik so spoedig moontlik moes sterwe.

Met ’n harde stem het die Kanselier aangekondig dat die vergadering gesluit was. Almal het opgestaan en Luther is tussen twee keiserlike offisiere weggelei.

“Word hy na die gevangenis geneem?” het sommige edelliede verskrik gevra, terwyl ander na hul degens gegryp het.

“Nee,” was Luther se bedaarde antwoord, “hulle vergesel my na my tuisplek.”

Dit het Luther min gehinder dat 'n klomp Spanjaarde hom op straat uitgejou en beskimp het. Was sy Meester nie ook gehoon en bespot nie?

Sommige van sy vriende het vir hom by die ingang van die tuisplek gewag. Sodra hy hulle gesien het, het hy uitgeroep met ’n blye gelaat: “Ek is daar deur! Ek is daar deur!” “Ja,” het hy bygevoeg, “as ek duisende hoofde gehad het, sou ek hulle almal liewer laat afkap het, as om eenmaal te herroep.”

Terwyl hulle nog oor die gebeurde gepraat het, bring ’n bediende vir Luther ’n silwer kan met Eimbeckerbier, met die boodskap dat hy hom moes verkwik.

“Wie is die vors wat so vriendelik was om aan my te dink?” vra Luther.

“Dit is die Katolieke vors Erik van Brunswyk,” antwoord die bode. “U kan hierdie beker mer gerustheid ledig, want die vors het daar self uitgedrink.”

Luther was aangedaan oor soveel goedheid. “Soos Hertog Erik vandag aan my gedink het, mag die Here Jesus Christus aan hom in sy laaste uur dink,” het Luther bewoë gesê en hierdie bede is genadiglik verhoor.

Daar is die volgende dag op die Ryksdag nog druk oor Luther gepraat. Sommige van die Pous se vriende wou die ketter dadelik laat verbrand. Die Ryn moes sy as ontvang soos eenmaal die van Johannes Hus en daarom het hulle verlang dat die Keiser die vrygeleide onmiddellik moes intrek. Hiertoe kon Karel egter nie beweeg word nie.

“Al was daar,” het hy gesê: “op die hele wêreld geen trou en geregtigheid meer nie, dan moet dit tog by ’n Duitse keiser gevind word.”

Luther het slegs ’n kort tydjie hierna in Worms gebly. Dit was moeilike dae vir hom, want allerhande pogings is nog aangewend om hom tot herroep te beweeg. Toe alle mislik het, het hy eindelik bevel van die Keiser ontvang om te vertrek. Karel het opnuut aan hom ’n vrygeleide van een-en-twintig dae verstrek. Dit was lank genoeg om weer in Wittenberg terug

te kom. Luther se vyande het dit egter sover weet te kry dat hy na die tyd in die ryksban gedoen sou word.

“Jy sal”, so het die besluit gelui, “Maarten Luther in jou huis en hof nie ontvang nie, hom nie kos, water of herberg gee nie. Waar jy hom mag betrap moet jy hom gevange neem en jy sal vir so ’n heilige werk ryklik beloon word.”

Baie mense het toe gedink dat dit met Luther gedaan was; maar God het hom nie verlaat nie en het hom teen die woede van sy vyande beskerm.

Op Vrydag, die 26 ste April om tienuur smôrens het Luther van Worms afskeid geneem, terwyl twintig man te perd hom as ’n erewag vergesel het. Sy hart was vol lof en dank teenoor sy God wat hom in die swaarste stryd van sy lewe so trou gehelp het.

(Vervolg.)

---



# PRESIDENT S.J.P. KRUGER

## EERSTE PRESIDENTSKAP FEBRUARIE 1883 – MEI 1888.

Na die herstel van die Republiek het die Driemanskap met Kruger as leier nog bly fungeer as die hoogste uitvoerende gesag. Eers by die Volksraadsitting in 1882 is daar oor 'n verkiesing van 'n president begin praat.

Die twee uitstaande manne vir die hoë amp was Kruger en Joubert. Onder die volk was daar geen verdeeldheid as gevolg van hul harde stryd vir hul onafhanklikheid nie. Hulle twee groot manne was al twee vaderlanders wat deur dik en dun by hulle gestaan het, albei met 'n vaderlandsliefde en vryheidsin en albei hoog in eer by hul volk. Daar was dus vir die volk geen keuse tussen beginsels nie, net tussen twee hooggeëerde manne. Daar was dus geen sprake van verskillende Politieke-partye, soos dit vandag verstaan word nie. Daar was Kruger mense en Joubertmense, maar geen partyskappe nie.

Joubert het die bal aan die rol gesit deur 'n brief aan die Volksraad te rig waarin hy daarop wys dat volgens die Grondwet daar 'n President moet wees, gekies deur die vrye keuse van die burgers van die staat. Joubert het

sy land getrou gedien, maar nou is dit sy plig om die Volksraad te versoek om hom as die Visepresident as kandidaat vir die Presidentskap te stel om alle moeilikheid te voorkom.

Toe hierdie brief in die Volksraad gelees is, was Kruger nie aanwesig nie, maar toe hy die volgende dag by die lesing van die notule daarvan kennis neem het hy dadelik die woord geneem. Die Grondwet vereis die verkiesing van 'n President; die volk moet beslis en dit moet 'n vrye eleksie wees. Wie ook al President, deur die keuse van die volk word, hy sal hom ondersteun.

Die Volksraad het besluit dat die verkiesing moet plaasvind tussen 15 Januarie en 15 Februarie 1883.

Albei het as kandidate gestaan en die een het die rekwisisie vir die ander geteken. Kruger se verlede het bewys dat hy 'n man van wet en orde was. Die een het vir die ander gestem, dit was 'n bewys dat hulle dit baie opreg met mekaar bedoel het.

Dit is hier nodig om baie kortliks die politiek wat Kruger voorgestaan het te vermeld, soos hy dit uiteengesit het in 'n uitvoerige antwoord op die rekwisisies wat hy ontvang het.

Hy het beklemtoon dat in Staatsake die Woord van die HERE die rigsnoer moet wees en die fondament waarop die Staat gebou moes word. Verder sal sy beleid wees die ontwikkeling van die landbou, die ontginning van die hulpbronne in die land en die gebruikmaking van die bronne om die nywerheid in die land te bevorder; spoorwegverbinding met die see; beperking van die immigrasie (net die immigrasie van Hollanders het vir hom nie gevaarlik gelyk nie) sodat die Boere-nasionaliteit nie onderdruk sou word nie; handhawing van die gesag van die regering teenoor die inboorlinge en vriendelike behandeling van gehoorsame inboorlingstamme in gebiede aan hulle toegewys; bevordering van alle poginge om die volkslewe onder die invloed van die Evangelie te stel: voor alles egter bevordering van die onderwys van die jeug. Dit was kortliks die politieke program van Kruger tot die uitvoering en verwesenliking waarvan hy gedurende al die jare wat hy President was hom standvastig en getrou voor beywer het.

Die uitslag van die verkiesing was:

Kruger: 3,431 stemme.

Joubert: 1,171 stemme.

Driekwart van die volk het vir Kruger gestem, wat van die begin af te wagte was. Hy was by uitnemendheid die groot, koersvaste leier op wie die volk gesteun het.

In sy beleid program het Kruger gespreek van die handhawing van die gesag van die Regering teenoor die inboorlinge. Kruger het voor en tydens die verkiesing die geleentheid gehad om daardie beginsels prakties toe te pas in die moeilikheid van Mapog. Wat hierdie insident belangrik maak, was die feit dat die persoon Sekoekoeni daarin betrokke was. Die vyandigheid van die naturelle-hoof het juis Shepstone aanleiding gegee vir sy valse bewering dat die regering van die Republiek te swak was om wet en orde te handhaaf.

Na die herstel van die onafhanklikheid het Sekoekoenie hom baie rustig gedra en 'n troue vriend van die regering geword. Tot ontsteltenis van die regering kom die berig op 18 Augustus 1882, in Pretoria, Sekoekoenie het sy seun en nog dertien volgelinge op verraderlike wyse deur die onderhoof Mapoer laat vermoor. Onmiddellik is besef dat hier dadelik sterk teen die moordenaar in die landstreek Noord van Lydenburg, opgetree moet word. Die Regering moes sy gesag handhaaf. Kruger het 'n kommando opgeroep en onder die aanvoering van Joubert het 'n straf-ekspedisie uitgetrek. Mapoer het met sy impi's na Mapog gevlug wat in byna ontoeganklike gate en spelonke in die Noordelike dele van Middelburg gewoon het. Mapog is gelas om Mapoer uit te lewer, maar het geweier. Van die begin af was dit duidelik dat weens die moeilike terrein dit nie so maklik sou gaan nie. In die gate en spelonke kon Mapog se mense maklik alle aanvalle afslaan. Later was daar amper 5,000 Burgers, maar nog het sake nie na wens gevorder nie, totdat uiteindelik met 'n paar kanonne uit die Vrystaat, die gate met dinamiet beskiet is. Met die oprigting van die fabriek het Kruger baie weerstand ondervind, maar nou het vir almal die wysheid van die stap duidelik geword. Die Republiek se eie fabriek vir ontplofbare stowwe het die nodige middel verskaf en die byna kroniese ammunisie gebrek van vroeër was ten einde.

Kruger het self, die leër in Desember besoek en die burgers kragtig aangemoedig om die stryd so spoedig moontlik te beëindig. Vir die burgers was dit 'n harde toets, moeiliker as die Engelse oorlog, maar hulle het die toets pragtig deurstaan. Die hoofde het hulle uiteindelik in Julie

1883 oorgegee. Albei sowel Mapog as Mapoer is deur die hoofregter Kotze tot die dood veroordeel. Mapoer is gehang, maar Mapog se doodstraf is verander in lewenslange gevangenisstraf. Kort voor die uitbreek van die Anglo-boere-oorlog is hy egter vrygelaat. Hy het toe met enige van sy volgelinge naby Pretoria gaan woon.

Hierdie oorlog het nie minder as 9 maande geduur nie, maar die uitslag het skitterend bewys dat die Republiek nie "inherent swak" was en nie die hulp van 'n vreemde moondheid nodig gehad het om in eie gebied sy gesag te handhaaf nie. Die prestige van die Republiek is inderdaad deur hierdie optrede verhoog.

'n Tweede saak wat aandag verdien tydens die eerste Presidentskap van Kruger, is die Konvensie van Londen.

Soos reeds aangetoon is die Republiek herstel deur die Konvensie van Pretoria met die gewraakte klousule waarin die soewereiniteit van Engeland oor Transvaal gehandhaaf is.

Kruger het daardie tyd al gesê dat hy nie sal rus voordat die artikel verander word nie. Daar was, soos vanself spreek, onsekerheid oor die regte van die Republiek waarby ook nog allerlei grens-moeilikhede gekom het.

Dit was duidelik dat daar verandering moes kom. Kruger het die bal weer aan die rol gesit. Hy het met die opening van die Volksraad op 8 Mei 1883 in sy toespraak gesê, die tyd het gekom om die Konvensie van Pretoria verander te kry. Hiermee het die Volksraad volmondig saamgestem en vir hierdie derde deputasie na Engeland is gestuur Pres. Kruger, Generaal N.J. Smit, lid van die Uitvoerende Raad en een van die hoofleiers van die Slag van Amajuba en Ds. S.J. du Toit, Superintendent van Onderwys. Vanaf Kaapstad is hulle vergesel deur Dr. D.P. Faure wat deur die Engelse regering as tolk benoem is.

Hierdie reis van Kruger wat van Pretoria in Augustus 1883 begin het, kan as 'n soort triomftog beskou word. Die name van twee van hulle was nie alleen in Suid-Afrika bekend nie, maar oor die hele wêreld; veral op die vasteland van Europa, hulde en eer is aan hulle as die Vryheidshelde van die Afrikanervolk betoon.

Die enigste wanklank was in Londen self, waar die burgemeester, Sir Robert Fowler hom sterk uitgespreek het teen die behandeling van die

naturelle op ’n groot vergadering in die Maison House. Inderdaad het Chamberlain, soos ons later sal sien, hierdie klousule weer teen die Republiek uitgebuit.

Tydens die onderhandelinge het dit soms ook maar heftig toegegaan. Kruger was nie iemand om sommer sy regte prys te gee nie. Aan formaliteite en pligpleginge het hy hom nie gesteur nie as hy in die bres tree vir die regte van sy volk. Ds. du Toit deel mee in sy verslag van die deputaatskap dat by ’n sekere geleentheid toe Derby op ’n sekere punt nie wou toegee nie, hoedat Kruger opgewonde geraak het, sy hoed gevat en opgestaan het om uit te loop, terwyl hy aan Ds. du Toit sê: “Sê vir hom ons het die Engelse eenkeer uit Transvaal uitgeslaan en ons sal dit weer doen!” Derby sal seker goed uit die houding van Kruger verstaan het, dat hy met die ou “bosreus” versigtig moet wees. Nog meer het Sir Hercules Robinson dit ervaar, dit het gegaan oor sekere plase in verband met die westelike grensreëling, wat volgens Kruger binne die terrein van die Republiek moes val omdat hulle vroeër daaraan behoort het. Sir Hercules Robinson fluister toe Lord Derby in die oor: “It is a lie.” Dit het Kruger gehoor en hy spring onmiddellik op en wou Robinson daar en dan te lyf gaan. Derby en die ander het gekeer anders sou dit met Robinson sleg gegaan het. Een ding kon Kruger nie verdra nie en dit is om vir ’n leuenaar uitgemaak te word. Haastig van humeur en vinnig om te handel.

Natuurlik het die verhouding later verbeter en dit staan geboekstaaf dat hierdie twee later groot vriende geword het. Hy was die enigste Hoë Kommissaris met wie Kruger vertrouelike briefwisseling gevoer het.

Weer het Kruger deur sy optrede die een saak waarvoor hy geleef en geworstel het, die onafhanklikheid van sy volk, aansienlik bevorder.

## Moeilikhede op die Westelike grens van Transvaal.

Dit is in verband met die sake van Cecil John Rhodes wat vir die eerste keer met Paul Kruger in aanraking gekom het.

As gevolg van onenighede tussen Swart-hoofde is aan die Suid-Westelike grens van Transvaal oorlog tussen die stamme gevoer. Blankes is later ingeroep, met die belofte dat plase van 3,000 morge aan elkeen van die vrywilligers gegee sal word. Vrywilligers uit die Transvaal, Oranje-Vrystaat en Kaapland het toegestroom, onder hulle ook Engelse. Uit hierdie verwikkelinge het twee Republieke ontstaan, Stellaland met

Vryburg as hoofstad en die land Goosen met sy hoofstad Rooigrond, in die nabyheid van Mafeking.

Die groot imperialis van Suid-Afrika, Rhodes, wat toe lid van die Kaapse Parlement was, het dadelik gesien dat dit die weg vir die uitbreiding van Engeland se mag na die Noorde sou blokkeer. Vir hom het dit gevaarlik gelyk dat daar weer twee Boere-republieke ontstaan het. Die onlangse gebeurtenisse in Transvaal met Kruger as leier het die imperialis aan die gang gesit.

Die weg na die Noorde moet oopgehou word: dit is die Suezkanaal van Suid-Afrika, het hy gesê. Die Kaapse ministers het volgens sy insig geen visie gehad nie. Daar in die Noorde was ’n groot man met visie vir die groot toekoms van die Afrikanerdom, maar hier in die Suide was daar blindemolle. Hyself was die siende onder die blindes. In ’n sekere sin was Rhodes reg: vroeër of later sou sowel Stellaland as die land Goosen deel uitgemaak het van die Transvaalse Republiek, maar dat Kruger dit op daardie tydstip doelbewus nagestreef het (waarop Rhodes gesinspeel het), kan nie aangeneem word nie.

Inteendeel, die Volksraad van Transvaal het aan die begin van die moeilikhede by proklamasie verbied dat sy burgers hulle in daardie stryd sou inmeng; later met die stigting van die twee Republieke, het die regering van Transvaal vir P. Joubert as spesiale Kommissaris daarheen gestuur om veral die land Goosen te laat verstaan dat hy vir hulle, kragtens die ooreenkoms met Engeland niks kon doen nie.

Maar Rhodes het as imperialis reg gesien: onder normale ontwikkeling van omstandighede sou Engeland se weg na die Noorde geblokkeer word.

Toe hy dus deur die Kaapse ministers nie veel kon uitvoer nie, het hy uiteindelik bewerkstellig dat hy deur die hoë Kommissaris gestuur is na Stellaland om ’n sekere Mackensie te vervang wat goed op weg was om alles te verbrou.

Teen hierdie aanstelling het die Afrikanerbond van Kaapland destyds kragtig geprotesteer, maar tevergeefs. So het Rhodes op die toneel verskyn.

Kruger was beslis om sy volk nie weer in ’n oorlog met Engeland te dompel nie en kort daarop het ’n konferensie op Veertienstrome plaasgevind tussen Kruger en Rhodes. Kruger het daar baie duidelik laat verstaan dat

dit heeltemal onnodig was om in so ’n saak met die militêre ekspedisie op te tree. Hierdie onderhoud is op 25 en 26 Januarie 1885 gehou. Besluit is geneem dat aan beide kante Kommissarisse benoem sal word om die grenslyne af te baken en in die geval van ’n verskil President Brand van die Oranje-Vrystaat as eindbeslisser te laat optree.

Dit was die eerste offisiële ontmoeting tussen Kruger en Rhodes, twee sterk figure en persoonlikhede in Suid-Afrika, verteenwoordigers van die twee groot beginsels wat ons ganse geskiedenis beheers: Afrikanerdom en Britse imperialisme.

## Immigrasie-politiek.

’n Saak van belang vir die beoordeling van Kruger se leiding is sy immigrasie-politiek. In sy antwoord aan sy kieser het hy laat verstaan dat hy heeltemal ten gunste van immigrasie uit die vasteland van Europa is, by name uit Holland, want sê hy: ons land is dunbewoon en ons het mense nodig. Maar dit kan alleen onder voorwaardes geskied; in die eerste plek moet die instroming nie te sterk wees nie, anders kan ons nasionaliteit oorstroom word en die instroming van nuwe bloed moet met ons nasionaliteit vereenselwig kan word; en in die tweede plek moet daarna uitgesien word om die regte persone op die regte plekke te kry.

Paul Kruger moes later harde woorde hoor oor sy sogenaamde “Hollander-politiek” en selfs baie Kaaplanders het hieraan meegedoen.

Hy was in elk geval versigtig om nie enige Hollander hier te verwelkom en ’n staatsbetrekking te gee nie. Wie egter met sy sogenaamde geleerdheid by die President gekom het, het maar kaal daarvan afgekom. So word vertel van ’n jong Hollander wat in Pretoria aangekom het en die President besoek het. Die President het dadelik gesien dat die mannetjie ’n taamlike dunk van homself het. Hy het die doel van sy besoek bekend gemaak, dat hy gekom het om ’n Staatsbetrekking te kry.

“O so”, sê die President, “en wat ken jy jongman?” Die jongman noem sy bekwaamhede op. Hy ken Hollands, Engels, Frans, Duits, Grieks, Latyn, Aardrykskunde, Matesis, Sterrekunde en ander vakke. Die President sit en dink terwyl hy groot dampe rook. Hard en koud kom die vraag: “Het julle slim mense nodig in Holland, hoekom het jy dan nie daar gebly nie?” Met hierdie vraag van die President was die onderhoud afgehandel. Die talle bekwame onderwysers en amptenare uit Holland, saam met die Nederlandse predikante het in Transvaal hulle invloed ten goede laat geld.

Hulle het hul met ons volk vereenselwig en toe die groot worsteling teen die Britte kom, het hulle amper soos een man "goed en bloed" op die Vryheid-altaar van die Afrikaanse volk geoffer. Hulle kinders en nageslag vorm vandag 'n element in ons Afrikaanse volkslewe wat baie waardevol is.

## **Spoorwegverbinding met die see.**

Die bedoeling was om Transvaal meer onafhanklik te maak wat sy in- en uitvoer betref. Nieteenstaande hierdie sterk antipatie by sy volk teen spoorweë, was Kruger juis van besluit om daardie spoorwegverbinding te hê. Hy was diep oortuig dat dit baie noodsaaklik was vir die beskerming van die volk se onafhanklikheid. Hierom het hy tydens die derde deputaatskap na Engeland, ook Portugal besoek om spoedig 'n aanvang te maak met die bou van die Portugese seksie van die Delagoa-spoorweg, terwyl hy ook in die tyd in Holland die konsessie van die Transvaalse seksie verleen het, wat die kern uitgemaak het van die latere *Nederlandsche Zuid-Afrikaansche Spoorwegmaatschappy*, (die bekende Z.A.S.M.).

Lank het dit geduur voor die spoorweg voltooi is. Die President het beslis geweier met die ontdekking van goud op die Rand, dat enige ander spoorwegverbinding met Transvaal toegelaat sal word voordat die Delagoa-lyn nie eers voltooi sou wees nie.

Dit het 'n man met 'n yster wil gekos om so lank in sy weiering vol te hou; eers toe die lyn so te sê voltooi was, het hy begin toegee. In die jaar 1895 is op 7 Julie met groot feestelikhede die opening van die Delagoa-lyn gevier.

## **Konferensie tussen President Kruger en President Brand.**

Dit was juis hierdie spoorweg wat die eerste konferensie tussen Transvaal en die Vrystaat in die jaar 1887 laat misluk het. Met die een doel voor oë om die onafhanklikheid te verstewig, het Kruger 'n nouer samewerking met die Vrystaat gesoek.

Paul Kruger het byna alle sake in daardie lig besien. Britse konneksie ook deur middel van 'n spoorweg deur die Vrystaat wou hy afweer. Daarom het hy by die konferensie baie sterk daarop aangedring dat die Vrystaat geen spoorweg vereers deur sy gebied sou laat bou nie. In die tweede plek wou Kruger hê dat daar tussen die twee state 'n verbond sou wees om

mekaar wederkerig te help as die onafhanklikheid van een van die twee state bedreig sou word.  Pres. Brand kon nie met een van die voorstelle saamgaan nie, sodat daar van hierdie eerste konferensie niks gekom het nie.

Dit word egter hier vermeld om te laat verstaan dat Paul Kruger met die ontdekking van goud, waarop begryplik 'n groot instroming gevolg het, vir komende gevare gevrees het.  Die Vrystaat moes saam met Transvaal staan en stry vir Afrikaner-onafhanklikheid.  Dit was sy doel, die feit is egter dat die een visie gehad het en die ander nie.  Die latere geskiedenis het dit egter ook bewys.

## Ontdekking van goud in Transvaal in 1886.

Kruger het in die jare van sy eerste Presidentskap met baie belangrike gebeurtenisse te doen gehad, maar hierdie ontdekking van goud was die allerbelangrikste in die hele Suid-Afrika en die grondoorsaak van al die latere moeilikhede wat uiteindelik gelei het tot die tragedie van die uitwissing van die twee Boerestate.

Wat Paul Kruger reeds vroeër gesê het by die ontdekking van goud in Lydenburg en Barberton, toe die burgers in vervoering geraak het vanweë die vooruitsig om tog eindelik deur die goud van hulle ellende ontslae te raak, het hy sekerlik nog dieper gevoel toe die groot ontdekking gemaak is.

Die woorde van die President is merkwaardig as in aanmerking geneem word dat die finansies van die Staat in 'n baie ongunstige toestand verkeer het en die burgers self, met hul produkte opgeskeep gesit het.  Daar was geen geld en geen mark nie.  Jaarliks moes die President die burgers op sy rondreis moed inpraat.  Hulle groot leier het toe by geleentheid van 'n besoek van 'n sekere deputasie, eers geswyg en diep in gedagte gesit en rook.  Hy sê toe:  "Moenie met my oor goud praat nie, die ding wat meer onenigheid, ellende en onverwagte plae as voordele aanbring.  Bid tot God, dat die vloek wat aan sy koms verbonde is, nie ons dierbare land mag oorskadu nie!  Bid en smeek Hom wat by ons gestaan het, dat Hy dit verder mag doen, want ek sê vir julle dat elke ons goud wat uit die ingewande van ons land gehaal word, geweeg sal word met riviere van trane, met die lewensbloed van duisende van ons beste mense in die verdediging van hierdie selfde land teen die hebsug van ander wat daarna die hande uitstrek – net omdat ons land die geel metaal in groot hoeveelhede besit!"

Leser, onthou hierdie woorde en leer Paul Kruger ken in sy verdere stryd vir sy volk, onwrikbaar vas, hy het gesien, ook die komende bloeddoop, maar standvastig het hy in sy leiding gebly.

(Vervolg.)

# <u>MARTELAARS GESKIEDENIS</u>

## <u>Openbaring 6 : 9</u>

***"En toe Hy die vyfde seël oopgemaak het, sien ek onder die altaar die siele van die wat gedood is ter wille van die woord van God en die getuienis wat hulle gehad het."***

---



## <u>STEFANUS, DIE DIAKEN, GESTENIG - 34 n.C.</u>

Stefanus, wie se naam kroon beteken, was na die mening van Doretheüs, een van die sewentig dissipels van Christus, hoewel Eusebius sê dat mens nie juis ñ beskrywing vind oor van waar hy afkomstig was nie. Dit is ook nie met sekerheid bekend of hy ñ Jood of ñ Griek was nie. So weet mens ook nie waar hy gebore is, en wie sy ouers was nie. Lukas verhaal in Hand 6 vers 5 dat Stefanus die eerste was van die 7 diakens, ñ man vol van die geloof en die Heilige Gees. Nadat hy met die oplegging van die hande, deur die apostels, in sy amp bevestig was, is hy ook met kragte en wonderdade begaafd en doen hy groot tekens onder die volk. Hy was baie geleerd en welsprekend. Miskien het hy vroeër tot die sekte van die Libertyne behoort, wat nou, saam met ander, met hom twis. Hulle kon egter nie die wysheid en die Gees, deur Wie hy spreek, weerstaan nie, sodat hulle volgens hulle ou geaardheid met baie valse getuies teen hom opstaan, onder die volk oproer verwek en hom beskuldig dat hy lasterlike woorde gespreek het teen die wet en die tempel. Hulle het hom verder ook beskuldig dat hy getuig het dat Jesus van Nasaret die plek sou verbreek en die sedes sou verander wat Moses aan hulle oorgelewer het. Om hierdie rede is hy

gevange geneem en in die raad gebring terwyl hulle sien dat sy aangesig soos die van ñ Engel geblink het. Hoe hy hom verontskuldig, Christus se eer gehandhaaf en die waarheid verdedig het, blyk uit die welsprekende en belangrike redevoering wat hy gehou het, soos ons lees in Hand. 7, voor die hele Joodse raad in Jerusalem. Daar het hy deur die hele Ou Testament, Wet en Profete gegaan en dit toegepas op Jesus Christus. Hy wat die einde van die Wet is tot Regverdigmaking van elkeen wat in Hom glo, en hulle bestraf dat hulle die Profete gedood het, wat tevore die koms van die Regverdige verkondig het, van wie hulle nou verraaiers en moordenaars geword het. Toe hulle dit hoor, bars hulle harte en kners hulle op hul tande teen hom. Maar Stefanus was vol van die Heilige Gees en terwyl hy sy oë na die hemel hou sien hy die heerlikheid van God en Jesus wat staan aan die regterhand van God en hom van sy saligheid verseker en hom versterk in sy lyde. Stefanus sê toe vir hulle: *"Kyk, ek sien die hemele geopend en die Seun van die mens aan die regterhand van God staan."* Die Joodse raad stop egter hulle ore toe, roep met ñ groot stem, val eendragtig op hom aan, werp hom uit die stad en stenig hom. Maar die stene was vir hom soos bekers van soetigheid. Met ñ groot stem roep hy: *"Here Jesus, ontvang my gees;"* en terwyl hy op sy knieë neerval, sê hy: *"Here Jesus, reken hulle hierdie sonde nie toe nie."* So ontslaap Stefanus in die Here in die jaar 34 na die geboorte van Christus, in die negentiende jaar van die regering van Tiberius, in die sewende jaar na die doop van Christus, alhoewel dit in sy agt-en-dertigste lewensjaar was. Sekere godvrugtige manne het hom begrawe en oor hom ñ rouklag aangehef.

---

# KALENDER.

## Geskiedenis:

- **3 Augustus 1521** - 'n Bevel van die Franse parlement word dwarsdeur Parys met die klank van trompette bekendgemaak, alle boekverkopers en drukkers wat Luther se boeke in hul besit het, word beveel om binne agt dae daarvan ontslae te raak of hulle sal tronkstraf en boetes ontvang.

- **5 Augustus 1915** - De Burger berig dat die vroue-optog terwille van die Rebelle-gevangenis in Pretoria, ruim vier-duizend vroue sterk" was. "De twee mijlen lange tocht naar het Uniegebouw met diepe ernst, kalmte, waardigheid en beslistheid.



- **8 Augustus 1938** - Begin van simboliese Ossewa-trek. Van groot betekenis was die oorhandiging van besondere Bybels, reeds met die vertrek uit Kaapstad, aan lede van die trek of vir bewaring in 'n bepaalde gemeenskap deur een of ander Afrikaner-liggaam.



- **9 Augustus 1918** – Afrikaners het met groot geesdrif op Riversdal in die Kaap saamgetrek om 'n Taalfees te hou in 'n stadium toe Afrikaans nog nie amptelik erken is nie, maar op alle terreine van die samelewing veld gewen het. CJ Langenhoven praat oor Afrikaans in die huis, prof. NJ Brümmer oor die gebruik van Afrikaans in die Staatsdiens, prof. JJ Smith oor Afrikaans in die skole, dr. DF Malan oor Afrikaans in die kerk en Jan FE Celliers oor Afrikaans in die letterkunde.

- **10 Augustus 1783** - Louis Trichardt te Oudtshoorn in die distrik Swellendam gebore.



**11 Augustus 1519** - Tetzel sterf in Leipzig. As 'n smous van aflate, was hy 'n meedoënlose vyand van Luther. Nadat aflate deur Luther se leer in oneer verval het, het Tetzel by Rome gekla dat hy nêrens veilig was nie, maar toe Luther van sy siekte hoor, het hy aan hom ’n onderwysende brief geskryf.



- **11 Augustus 1771 -** Rijk Tulbagh in Kaapstad oorlede. Twintig jaar lank was Rijk Tulbagh 'n beminde en gerespekteerde goewerneur aan die Kaap - tussen 1751 en 1771. Hy is op 14 Mei 1699 in Utrecht, Nederland, gebore en kom as sestienjarige na die Kaap waar hy deur sy ywer en pligsbesef vinnig vordering gemaak het.



- **12 Augustus 1873** - CJ Langenhoven gebore.

- **13 Augustus 1838** – Op die dag het sowat tien Zoeloe-regimente Veglaer aangeval en drie dae lank vasbeslote probeer om die laer te oorweldig. Ons Hemelse Vader het die klein klompie Voortrekkers, gelei deur Jacobus Potgieter en Hans de Lange bewaar. Hoewel daar aan Voortrekker kant geringe lewensverlies was – slegs een Voortrekker het gesneuwel terwyl 'n groot aantal Zoeloes dood is – is feitlik al die vee van die Voortrekkers deur hulle aanvallers weggevoer.

- **13 Augustus 1913** – Dr. DF Malan hou 'n voorlesing voor die ATV van Stellenbosch, getitel: *"Het is ons Ernst."* Vir hom was die taalkwessie 'n volksaak en nie slegs 'n saak vir die taalgeleerdes nie. Volgens dr. Malan kon Nederlands slegs 'n kunsmatige bestaan in Suid-Afrika voer en nooit die volkstaal word nie, terwyl Afrikaans in die volkshart en volksmond leef. Hy noem Afrikaans die, *"levende, krachtige volkstaal"* wat onuitroeibaar is. 'n Lewende volkstaal

sterf nie maklik nie want dit is die simbool van 'n selfbewuste Nasionale lewe. Dr. Malan pleit in sy beroemde toespraak dat Afrikaans tot skryf en kultuurtaal verhef word. Hy spreek ook die hoop uit dat jong Afrikaners dit hulle erns sal maak om Afrikaans te beoefen en uit te bou.

- **17 Augustus 1665** – Ds Joan van Arckel land met die skip Nieuw Middelburg aan die Kaap. Voor sy koms was daar nog geen vaste predikant aan die Kaap nie en is daar slegs gebruik gemaak van die dienste van sieketroosters en predikante wat tydelik in Tafelbaai vertoef het onderweg na Indië. Joan van Arckel is in 1640 in Den Briel Nederland gebore, studeer in Teologie aan die Universiteit van Leiden (1661 – 1664) en word in 1664 tot predikant beroep.

- **20 Augustus 1665** – Ds. Bernardus Smytegelt gebore, ’n geroepene en ’n instrument in die hand van ons Hemelse Vader, voortgelei deur die kragtige werking van die Heilige Gees sodat die ellendige mens ten gronde gerig word en die aller-noodsaaklikheid van ’n Borg, ’n Middelaar en ’n Verlosser en Saligmaker bevestig word! Die Krag van die Woord en Gees was die Bron waaruit hy sy Geloof geput het, sodat sy Preekbundels vir sommige van die Voortrekkers wat deur die Genade die liberalisme van die kerk in die Kaap verwerp het en selfs ook vir ons as blindgeborenes wie se oë deur die Krag van die Woord en Gees geopen is, tot vandag toe ’n bevestiging van die Waarheid is, sodat geen mens in homself kan roem nie, soos die Woord ons ook, in Rom. 11 vers 36, te kenne gee:

**“Want uit Hom en deur Hom en tot Hom is alle dinge.
Syne is die heerlikheid tot in ewigheid. Amen.”**

- **23 Augustus 1665**- Word Van Arckel die eerste vaste predikant aan die Kaap met die hou van twee dienste in die Fort de Goede Hoop. Op hierdie dag word agt blanke kinders deur hom gedoop. Op Sondag 14 September 1665 bedien hy vir die eerste maal die Heilige Nagmaal aan sy gemeente. Op 2 Januarie 1666 neem hy deel aan die hoeksteenlegging van die Kasteel wanneer hy die tweede van die vier hoekstene lê. Die dag daarna word Van Arckel ernstig siek en sterf binne tien dae op 12 Januarie 1666 in Kaapstad. Hy is op versoek in die Kasteel begrawe. Hoewel daar min oor sy lewe en werk bekend is kan daar afgelei word dat hy 'n toegewyde en

waardige predikant was. Hy is deur sy suster Elizabeth na die Kaap vergesel en het nooit getrou nie.

- **18 Augustus 1520** – Die publikasie van Luther, *'Aan die Christelike Adel van die Duitse Nasie.'* Dit roep die leke, as geestelike priesters op om die hervorming uit te voer wat deur die pous en die gevestigde kerk verwaarloos is.

- **24 Augustus 1572** - Die Bloedbruilof/Bartholomeusnag. Gedurende die Sestiende-eeuse Hervorming in Europa het Calvinisme na Frankryk versprei. Die Rooms-Katolieke het hierdie Protestante, bekend as Hugenote, vervolg. Onder leiding van Franse adellikes het die Protestante in opstand gekom om hulself te verdedig. Drie Godsdiensoorloë het kort daarna gevolg. Op 22 Augustus 1572 het Catherine de Medici probeer om die konflik met een slag te beëindig deur die sluipmoord op die Hugenote-leier Admiraal de Coligny te reël.

  Coligny het die poging oorleef en koning Charles IX, Catherine se seun, het hom beskerming belowe. Woedend het Catherine al haar energie aangewend om haar seun te oortuig om die Hugenote-leiers te vermoor. Laat in die aand van hierdie dag, 23 Augustus 1572, toe duisende Protestante in Parys byeengekom het om die huwelik van Magaretha van Valois met Hendrik van Bourbon te vier, het Charles die bevel gegee. In die vroeë oggendure van 24 Augustus, St. Bartholomeusnag, het die slagting begin.

  Pous Gregorius XIII het selfs 'n spesiale medalje geslaan. Oor die algemeen was Europese nasies egter ontsteld.

  Frankryk se Godsdienstige burgeroorloë het voortgeduur totdat koning Hendrik IV die Edik van Nantes uitgevaardig het wat Hugenote 'n aantal regte gegee het. Latere konings het dit nie gehoorsaam nie totdat Lodewyk XIV die Edik in 1685 heeltemal herroep het. Honderd duisende Hugenote het toe uit Frankryk gevlug. Een van die persone wat die land verlaat het, was Chrétien de la Quellerie, die oupa van Maria de la Quellerie, die vrou van Jan van Riebeeck!





- **27 Augustus 1933** - Die Bybel volledig in Afrikaans. Die eerste besending van 10,000 Bybels is in Mei 1933 in Kaapstad afgelaai. Intussen het verdere besendings van Bybels aangekom. In die land is dankdienste gehou. Die Bybel in ons eie taal, Afrikaans. 150,000 eksemplare is in 1933 versprei.

- **28 Augustus 430** - Dood van Augustinus van Hippo.

Veels te laat het ek U liefgekry,
U skoonheid, hoe oud U is, hoe nuut U is.
Veels te laat het ek U liefgehad.

U was binne-in my, ek was buite,
en ek het U gesoek soos 'n sienende blinde persoon
buite my, en uitgegiet soos water,
Ek het van U weggevlug en was verlore
tussen soveel weelde wat nie U is nie.

Toe het U geroep en beveel,
U het deur my doofheid gebreek.
Verblindend het U opgedaag
om my blindheid te laat wegvlieg.
U het geruik, en ek het asemgehaal,
Ek hyg steeds na asem en na U.

Ek het U gesmaak, en sedertdien dors ek,
ek honger na U. Ek, 'n maklik aanstootlike een,
het U aangesteek. En nou brand ek
in vuur na U, vir vrede.' *

'Ek roep U aan, my God,
wat getrou aan my bly. U het my gemaak en my nie vergeet nie,
nie eens toe ek U vergeet het nie.

Ek roep U in my siel.

U berei dit voor om U te ontvang deur die verlange wat U daarin inspireer.

Moenie my nou verwerp nie, nou dat ek U in my lewe roep.


U het my roeping verwag
en op elke manier aangehou druk.

Ek moes U hoor, in 'n vreemde land,
en terugkeer en U roep wat my geroep het
in my.

- Augustinus


- **29 Augustus 30** - HERODES ANTIPAS laat Johannes die Doper onthoof (Mattheus 14:1-13). Volgens oorlewering wat ten minste terugdateer na die vyfde eeu, het dit op hierdie dag plaasgevind. Johannes se dissipels het sy liggaam geneem en begrawe.

  Toe die nuus van Johannes se marteldood Jesus bereik, het Hy met 'n skuit vertrek om alleen te wees (Matteus 14:13).




- **29 Augustus 1572** - In Lyon, Frankryk, na die aanvang van Bartolomeus-nag, plaas amptenare Protestante onder die beskermende bewaring in die stad se kloosters en tronke. Twee dae later sal skares inbreek en die gevangenes met swaarde vermoor. Getuies berig dat die Rhône-rivier rooi vloei van die bloed van duisende verminkte lyke.

- **30 Augustus 1953** - Die Familiebybel in die vorm van die State-Bybel het 'n baie belangrike rol by huisgodsdiens in die Afrikaanse gesinsverband gespeel; hiermee in gedagte is besluit om met die verskyning van die revisie van die Bybel in Afrikaans, 'n Familiebybel in Afrikaans vir Afrikaanse gesinne beskikbaar te stel.



# Blokkiesraaisel 8.




Vul al die Antwoorde in. As jy die blokraaisel voltooi het, skommel die letters in die gekleurde blokkies, en kyk watter woord kry jy.

## Vraelys:

**Af:**

1. Hoeveel maande het Moses se moeder hom as baba weggesteek?
2. Hoeveel dogters het die priester van Midian gehad?
3. Die Hebreërs moes swaar werk met klei en ... verrig.
4. Wie het op 'n afstand gestaan en gekyk wat met baba Moses sou gebeur? Sy..
6. Uit watter stam is Moses gebore?
7. Een van die voorraadstede deur Israel vir Farao gebou.
9. Die Egiptenare moes alle Hebreeuse seuntjies in die ... gooi.

**Dwars:**

4. Een van die Hebreeuse vroedvroue.
5. Uit watter stam is Moses gebore?
8. Waarheen het Moses gevlug nadat hy die Egiptnaar gedood het.
10. Sy het die biesiemandjie met ... en pik bestryk.

# Bybel Geskiedenis

## Lees Exodus 1-3 en Antwoord die vrae.

Vrae:

Farao:

1. Waarom het Farao bang geword vir die kinders van Israel?
2. Watter twee voorraadstede het die kinders van Israel vir Farao gebou?
3. Wat was die twee vroedvroue se name ?
4. Hoe het hulle aan Farao verduidelik het dit gebeur dat die seuntjies van die Hebreërs oorleef?
5. Wat het die HERE aan die vroedvroue geskenk?
6. Aan wie het Farao die bevel gegee om die seuntjies in die Nyl te werp?

Moses se geboorte:

1. Waarvan het Moses se moeder die mandjie gemaak?
2. Wie het Moses toe in die mandjie gevind?
3. Waarmee het Moses se suster Farao se dogter gehelp?
4. Waarom het Farao se dogter hom Moses genoem?
5. Waarom het Moses die Egiptenaar doodgeslaan?
6. Waarom het Moses gevlug?

Moses vlug:

1. Waarheen het Moses gevlug?
2. Wat het die vroue by die put kom maak?
3. Waarmee het Moses hulle toe gehelp?
4. Wie het die priester van Midian aan Moses as vrou gegee?
5. Waarom het Moses sy eerste seun Gersom genoem?
6. Waaroor het die kinders van Israel gekerm?

Moses se roeping:

1. Watter twee name het die priester van Midian gehad?
2. Op watter berg het die HERE aan Moses verskyn terwyl hy kleinvee oppas?
3. Waarin het die Engel van die HERE aan Moses verskyn?
4. Waarom moes Moses sy skoene uittrek?
5. Wat was die HERE se opdrag aan Moses?
6. Noem van die verskonings wat Moses genoem het om nie te gaan nie.

# GEMEENTE NUUS.

## Verjaarsdae:

- 19 Augustus – Sera Kruger.

---